

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER**  
**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**  
**VERWELKOMING EN BEKENDSTELLING: DR SAMAH JABR**  
**INTERNASIONALE VROUEDAG 2020**  
**07 MAART 2020**

Dankie aan die programleier, dr Fraser-Moleketi

- Ambassadeur Sheila Sisulu
- Vandag se gasspreker, dr Samah Jabr
- Ons gesprekslede, me Nardos Bekele-Thomas en me Linet Gatakaa Miriti
- Ons outeurs: me Natasha Allie; Baba-Tamana Gqubule, Thandiwe Matthews en die uitgewer Fébé Potgieter-Gqubule
- Die OWLAG-koor en die marimbaorkes van die MCK Special School
- Geëerde gaste, damens en here

Laat my toe om die hartlike verwelkoming van dr Fraser-Moleketi aan u almal te herhaal.

Ek kan met reg sê dat ek die rektor en visekanselier van 'n voortreflike universiteit is: die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Dit is boonop die grootste universiteit op die vasteland. Unisa het

omtrent 380 000 studente waarvan die meeste vroulik is. Afgesien van die aansienlike getal vroulike personeellede wat ons beleid van geslagsgelykheid weerspieël, het ons verskeie inisiatiewe wat vroue – in die besonder swart vroue – help om akademies te vorder. Ek kan dus met stelligheid verklaar dat Unisa met woord en daad verbind is tot geslagsgelykheid en die vooruitgang van vroue.

Daarom is dit aangenaam om 'n genooide by vanjaar se geleentheid te wees. Weens ander verpligtinge kon ek dit nie verlede jaar bywoon nie. Ek het myself belowe dit sal vanjaar nie weer gebeur nie – en hier is ek! As beloning is dit my voorreg om vanoggend die hoofspreker aan u bekend te stel. En as ek mag byvoeg, wat 'n merkwaardige vrou!

Dr Sabr, ek moet bieg dat ek by die “University of Google”<sup>1</sup> moes gaan soek om meer oor u lewe en loopbaan uit te vind. Soos met enige passievolle uitbinker, was daar 'n magdom inligting. Wat 'n merkwaardige en bedrywige vrou is u, toegewyd aan 'n beter begrip van 'n uiters komplekse situasie met soveel vertakkings en hardnekkige trauma wat oor geslagte heen strek.

Laat ek hierdie vrou van naam aan u voorstel.

---

<sup>1</sup> [https://en.wikipedia.org/wiki/Samah\\_Jabr](https://en.wikipedia.org/wiki/Samah_Jabr)

Samah Jabr is op 8 Augustus 1976 in Jerusalem gebore. Sy het in 2001 'n graad aan die Al-Quds University (Jerusalem) behaal as een van die eerste studente aan die mediese fakulteit. In Frankryk en die Verenigde Koninkryk het sy verder in die sielkunde en in Amerika in kliniese navorsing gestudeer. Daarna het dr Jabr aan die Israelse Instituut vir Psigoanalise van Jerusalem gestudeer en in psigoterapie gespesialiseer. Sy is een van 22 sielkundiges wat aan die Wesoewer praktiseer en die eerste Palestynse vrou in hierdie beroep.

Dr Jabr is die mediese direkteur van die Palestinian Medical Education Initiative (PMED) en praktiseer as sielkundige en psigoterapeut in die openbare en private sektor. Sy is 'n produktiewe skrywer en haar navorsing is in Palestynse en internasionale, portuurbeoordeelde vaktydskrifte gepubliseer. Een van haar bekendste publikasies het sy saam met die Amerikaanse kindersielkundige Elizabeth Berger geskryf. Dit handel oor kliniese oordrag en teenoordrag in die Israelies-Palestynse geskil. 'n Ander publikasie handel oor die Palestynse volk se oorlewing en welsyn weens die besetting.

Dr Jabr het aan verskeie Palestynse universiteite gedoseer en is studieleier aan die George Washington University in Washington. Afgesien hiervan is sy 'n studiegenoot van die Centre for Science and

Policy aan die University of Cambridge en werk sy as konsultant en afrigter vir die United Nations' Office on Drugs and Crime (UNODC), vir Save the Children, en vir Doctors Without Borders oftewel Dokters Sonder Grense.

Dr Jabr werk as vrywilliger by die Public Committee Against Torture in Israel (PCATI) en help om verslae op grond van slagoffergetuïenisse op te stel.

In die dokumentêr *Beyond the Frontlines: Tales of Resistance and Resilience in Palestine* (Alexandra Dols, 2017, Frankryk) vertel sy die doel is om die daders te laat weet dat hulle marteldade bekend, opgeteken en geliasseer word sodat hulle tot verantwoording geroep kan word. Ek wonder of die wêreld besef hoe belangrik hierdie daad van medemenslikheid teenoor die slagoffers is. Volgens my getuig hierdie daad van groot welwillendheid en sensitiwiteit wat erkenning gee aan slagoffers se waarde en menswaardigheid in 'n konteks wat daarop uit is om dit te ontken.

Dr Jabr is 'n gesogte spreker by tallose invloedryke organisasies waar sy gehore vertel van die uitdagings en lyding waaronder Palestyne in hulle volgehoue bevrydingstryd gebuk gaan. Sy vertel van die individuele en kollektiewe sielkundige skade wat die Israelse besetting aanrig. Volgens Fanon moet die Palestyne vir hulle

bevrydingstryd "a psychological understanding" bewerkstellig, 'n "culture that can liberate the people's minds, parallel to the liberation of the land".

Dr Jabr neem ook gereeld deel aan radiogeselsprogramme oor verskeie onderwerpe soos geestesgesondheid, die regte van mense met spesiale behoeftes, marginalisering en mishandeling. Boonop is sy 'n gerekende rubriekskrywer. Dr Jabr het ook verskeie toekennings vir haar vakkundigheid en publikasies ontvang. Wat 'n passende getuigskrif vir 'n vrou van formaat.

Dr Jabr, mense die hele wêreld oor – en in die besonder hier in Suid-Afrika – verneem van u ongelooflik belangrike werk in die verstaan en heropbou van konfliksones. Daarom is dit vir ons 'n voorreg om vanoggend na u te luister. Ons sien opreg uit daarna.

Baie dankie.